# Afrikaanses is hiér gesog

**'n Nederlandse werwingsmaatskappy maak geen geheim daarvan dat sy voorkeurkandidate Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners is nie. Hanri Wondergem het gaan uitvind hoekom.**

In 'n land met 'n amptelike werkloosheidsyfer van 32,9% en 'n ekonomie wat sukkel, soek al hoe meer mense na groener weivelde (en werkgeleenthede) in ander lande. As jy boonop aan die verkeerde kant van regstellende aksie staan, raak 'n pos in die vreemde 'n al hoe groter moontlikheid.

Suid-Afrikaners wat in die buiteland gaan werk, het nog altyd 'n goeie reputasie gehad vanweë hul werketiek, maar nou het 'n Nederlandse werwingsagentskap nóg 'n vereiste: hulle het Afrikaanse mense in die oog.

"Ons plaas mense wat ander tale praat, maar ons doen wat ons kliënte van ons verwag. Ons kliënte wil Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners aanstel," sê Sonja Poortman, 'n besturende direkteur van die maatskappy Ir Olav's Globetrotters.

Poortman en haar mede- besturende direkteur, Diane van Galen Last, was onlangs in Suid-Afrika om juis van hierdie "voorkeurkandidate" vir moontlike poste te ontmoet.

Die kandidate is meestal tussen 25 en 35 jaar oud, werk in inligtingstegnologie (IT) en is hoofsaaklik Afrikaanssprekend.

"Volgens Statistieke Suid-Afrika is die werkloosheidsyfer vir mense van tussen 15 en 24 in die laaste kwartaal van verlede jaar 61% en vir mense van tussen 25 en 34 is dit 39,9%. Dus is die vooruitsigte vir alle jong mense maar sleg," sê Theuns du Buisson, ekonomiese navorser van die Solidariteit Navorsingsinstituut.

"Wat alle mense van werkende ouderdom betref, is die werkloosheidskoers vir alle bruin mense 24,1% en vir alle wit mense 8,2%. Daar is nie data beskikbaar wat hierdie groepe volgens ouderdom en ras indeel nie, maar ons kan aflei dat veral jong bruin mense baie sleg daaraan toe is as dit kom by hul kans om werk te kry," sê Du Buisson.

Volgens Van Galen Last is daar verskeie redes waarom jong Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners so gesog is in die Nederlandse arbeidsmark. Taal en werketiek is twee groot trekpleisters en boonop is IT-opleiding in Suid-Afrika gewoonlik baie goed.

"Daar is nie veel kulturele verskille nie en daar is ook nie eens werklik 'n tydsverskil tussen die twee lande nie," voeg Poortman by.

**Dink in Afrikaans**

Poortman meen "Afrikaans is baie na aan Nederlands". Volgens Van Galen Last is taal een van die grootste faktore in hul soektog na talent. "Ons werf Suid-Afrikaners om vir ons Nederlandse kliënte te werk. Ons Nederlandse kliënte heg baie waarde aan werknemers wat Nederlands kan praat juis omdat Nederlands die voertaal is by baie maatskappye."



**Amsterdam, wat beskou word as 'n tegnologiese spilpunt in Europa en gesog is onder werkers in inligtingstegnologie.** Foto: ISTOCK

> **Taal en werketiek is twee groot trekpleisters en boonop is IT-opleiding in Suid-Afrika gewoonlik baie goed.**

Wanneer iemand deur Ir Olav's Globetrotters in 'n pos geplaas word, kry daardie kandidaat ook Nederlandse klasse, wat beteken dat hulle die taal reeds kan praat en verstaan teen die tyd dat hulle in die vliegtuig klim op pad na Nederland.

"En met 'n Afrikaanse agtergrond is dit taamlik maklik vir die kandidate om die taal aan te leer. Hulle kan dus dadelik begin werk, want hulle verstaan Nederlands," sê Van Galen Last.

"Al antwoord hulle dalk aanvanklik in Engels of Afrikaans, hulle verstaan Nederlands en binne 'n jaar is hulle dan Nederlands magtig," voeg Poortman by.

Nóg 'n regmerkie langs 'n aansoeker se naam is wanneer hulle by 'n "tradisioneel Afrikaanse" universiteit opgelei is, sê Wendy Nelson, Ir Olav's Globetrotters se bedryfsdirekteur in Suid-Afrika. Nelson is 'n Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner en woon aan die Oos-Rand.

"Die Noordwes-Universiteit, die Universiteit van Pretoria en Universiteit Stellenbosch lewer sterk kandidate op. Al word klasse nie nou meer noodwendig in Afrikaans aangebied nie, hulle dink nog in Afrikaans," sê sy.

**Dissipline**

"Julle is gewoond daaraan om hard te werk. Die werketiek van Suid-Afrikaners is iets waarvan die Nederlanders hou," sê Van Galen Last. "Hier (in Suid-Afrika) moet julle hard werk om uit te staan en oorweeg te word vir die goeie werkgeleenthede. Eintlik vir enige werkgeleentheid."

Nelson stem saam. "Suid-Afrikaners word gewoonlik grootgemaak met 'n vorm van dissipline. Toewyding is iets wat in baie van ons se ouerhuise al beklemtoon word. Dis net hoe ons grootgemaak word.

"Daardie dissipline en toewyding is iets wat ons kan oordra aan ons Nederlandse kliënte en omdat daar nie juis kultuurverskille tussen die Nederlanders en die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners is nie, is dit 'n naatlose oorgang."

Suid-Afrikaners se ingesteldheid om probleme op te los is ook 'n bate. "Suid-Afrikaners kla nie oor harde werk nie. Hulle doen dit net. Daar is nie 'n aanpassingstydperk nie. Hulle gaan net aan," meen Poortman.

Kandidate ondergaan eers toetse om seker te maak hulle is wel geskik vir poste, maar in minder as twee en 'n half jaar het Ir Olav's Globetrotters al amper 100 Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners in poste in Nederland geplaas.

**Misdaad**

"Die nuwe Diensbillikheidswet sal dit vir kleiner minderheidsgroepe, soos wit, bruin en Indiërmense, nog moeilike maak om werk te kry, veral as bedryfsteikens volgens die bevolkingsamestelling gestel word.

"Dit sal byvoorbeeld vir 'n onderneming wat baie mense uit hierdie groepe in diens het, ongelooflik maklik wees om die teiken vir daardie groepe te oorskry," verduidelik Du Buisson.

Tog is arbeidswette nie die hoofrede waarom Suid-Afrikaners oorsee gaan werk (en bly) nie, maar misdaad. "Veiligheid is bo aan die kandidate se prioriteitslys," sê Van Galen Last.

"Dit is jong mense wat daaraan dink om met 'n gesin te begin en hulle wil dit nie noodwendig in Suid-Afrika doen nie. Of dis mense met klein kinders wat nie 'n toekoms vir die kinders in Suid-Afrika sien nie."

Amsterdam word ook as 'n tegnologiese spilpunt in Europa gesien wat dit veral aanloklik maak vir mense in die IT-bedryf.

En Brittanje se besluit om die Europese Unie te verlaat, moet ook nie onderskat word nie. "Die hoofkantore van baie internasionale maatskappye het ná Brexit na Amsterdam en ander plekke in Nederland geskuif. Dit is motivering vir mense wat hoogs gekwalifiseerd en uiters gemotiveerd is om na Nederland te verhuis," sê Poortman.

**'Klippe in die pad'**

Nederland se werkloosheidsyfer was in Maart vanjaar 3,6%. Dit is 'n tipiese Europese land met goeie infrastruktuur, maar kandidate moet vir geen oomblik dink dis alles net stroopwafels en tulpe nie.

Van Galen Last, Poortman en Nelson is dit eens dat daar wel "klippe in die pad" na Nederland is, veral wat die "sosiale aspekte" betref.

Nederlanders is baie op die man af, terwyl Suid-Afrikaners geneig is om mooi broodjies te bak. "Dis iets wat ons vir Suid-Afrikaners moet leer: om meer direk te wees," sê Poortman.

"In Suid-Afrika het jy 'n erf of balkon en vriende en familie kuier oor en weer by mekaar. Jy het ook die luuksheid van privaatheid wanneer jy dit wil hê.

"In Nederland is die wooneenhede meestal piepklein. Mense woon amper bo-op mekaar. As jy buite wil wees, moet jy na 'n park gaan saam met honderde ander mense," sê Poortman.

"Dis hoekom dit so belangrik is om Nederlands te leer sodat jy dadelik moeite met jou bure kan doen en 'n sosiale netwerk kan opbou."

Van Galen Last troos dat die maatskappy darem ook help om jou bekend te stel aan 'n netwerk van ander Suid-Afrikaners.

Boonop is emigrasie 'n lang proses wat nie oornag gebeur nie. "Dis iets waarop kandidate ook geestelik en emosioneel moet voorberei," sê Nelson.

"Jy moet Nederland kies omdat jy Nederland toe wil gaan, nie net omdat jy Suid-Afrika wil verlaat nie," is Van Galen Last se raad.



*Wondergem is 'n redaksielid van* Beeld.

## Lood se praatjies

### City Power begin vou

Die DA-veteraan en oud-politikus Douglas Gibson (foto) het heel tereg veel te sê op sy Twitter-rekening oor bewerings dat Kabelo Gwamanda, Johannesburgse burgemeester, skaars gr. 10 op skool behaal het.




As voorsitter van City Power kan Gibson homself egter eerder bemoei met wat met die stad se wankelende kragnetwerk aangaan en veral oor kwalifikasies onder sy tegniese personeel. Heelwat inwoners van die stad ervaar al hoe meer dat tegnici wat uitkom om situasies in hul straat of woonbuurt op te los, gewoon nie die werk kan doen nie. Dit omdat deesdae glo van tegnici 'n ses maande lange leerlingskap verwag word, teenoor vier jaar voorheen. Begin daar, Dougie. En maak gou.




### Persone van die Week



**RAAKVATTER:** André de Ruyter (foto). Wat 'n skuif met sy boek. Die skaders het dit nie sien kom nie. En dankie dat hy bereid is om politieke korrektheid oor boord te gooi en by name te noem wie onbevoeg is.




**NAT VADOEKE:** Diegene wat aanlyn weergawes van André de Ruyter se boek (foto) steel en deel. Ook ander boeke, tydskrifte en koerante. Julle is diewe en hopelik word julle en jul aanstuur-groepies gou vervolg.

### Rook die boekdiewe uit

Heelwat lesers het al laat weet hulle wil graag Lood-bekers bekom, maar is nie spitsvondige skrywers nie. Wel hier is 'n manier: Stuur vir Lood name, selfoonnommers of e-pos van aanlyn boek-, koerant- of tydskrifdiewe. Dit is tyd dat ons hulle uitrook. Vir elke wenk wat Lood kry – wenkgewers sal vertroulik gehanteer word – sal Lood 'n beker stuur. Wat die geslepe publikasiediewe nie aan hul delers op die misdadige WhatsApp-groepe vertel nie, is dat tot tien jaar tronkstraf hier ter sprake is. Kom ons rook hulle uit.



Fanie Haasbroek wen weer ene. Hy't gehoor CR wil 'n outobiografie skryf, maar gaan eers 'n kommissie aanstel om te bepaal wat hy moet skryf. Stuur na lood@beeld.com.

## Lig jou alie, gaan stem in 2024

**Ludwig van Heerden, Parklands**

Die absolute argelose, arrogante, kortsigtige en korrupte gedrag van die ANC is besig om sy eie doppie te klink.

Die rand se waarde val letterlik elke dag teenoor belangrike geldeenhede soos die Amerikaanse dollar, euro en Britse pond – selfs die Australiese dollar. Dit teen groot koste van ons land se steierende ekonomie en moontlike beleggings van buitelandse maatskappye. Niemand binne die ANC-geledere word vervolg oor hulle miljarde rande steel en verduister nie.

Hierdie gemors gaan hulle baie duur te staan kom in die algemene verkiesing volgende jaar. Daarom is dit van kardinale belang dat álmal volgende jaar moet gaan stem, al voel jy ook hoe keelvol en moedeloos, want dit is die enigste plek waar ons as landsburgers die arrogante en korrupte ANC kan troef.

Lig dus jou alie en gaan stem – en dink mooi voordat jy jou kruisie trek. En moenie by my oor enigiets kom kla as jy nie gaan stem nie.

## Wat sê jy? Stuur 'n SMS na 32515

SMS'e kos R1. Netwerk24-kommentaar ook gebruik.

SMS'e met die naam en plek van die skrywer kry voorkeur. Onthou om die woord Beeld vooraan jou boodskap te skryf.

- Is dit moontlik dat pres. Cyril Ramaphosa net vir 'n week in sy eie land kan bly? En na sy eie land se probleme kyk? **– JohanR, Nuweland**

- Cyril Ramaphosa kan nie Eskom red nie, hoe wil hy Oekraïne tot redding wees? **– Joe**

- "Ministerswonings 'kos steeds miljoene' " (17.05): Hoekom betaal ministers, soos dit elke goeie landsburger betaam, nie vir sy munisipale dienste nie? **– Hans Retief, Pretoria**

- Semigrasie na die Wes-Kaap: Ná vyf maande kan die Kaapstad-metro steeds nie my rekening regmaak nie, selfs al erken hy wat fout is. Is die DA anders as die ANC? **– Gerrie, Strand**



**Die Strand**

- Bestaan die 4 000 metropolisielede, waarna Tshwane se burgemeester onlangs verwys het, werklik of is die syfer vanaf die betaalstate gekry? **– Louis van Rooyen, Faerie Glen**

- Gelukkig het die swak paaie na Bothaville nie 'n invloed op die boere se kuier op die Nampo-oesdag nie. Hulle vlieg mos maar met hul private vliegtuie en -helikopters in. **– Jan van Zyl, Montanapark**

- Ds. Charlotte Sibanyoni se Godsdiens-aktueel in *Beeld* (17.05) oor hoop is in die kol en het my nuwe moed gegee. **– Johann, Lynnwood Manor**



**Ds. Sibanyoni**

- Daar moes meer André de Ruyters gewees het. Waar is die spoorlyne, die SAL? Dit gaan met die paaiedepartement soos met Eskom. Binnekort gaan ons geen paaie hê nie. Wat van die Poskantoor? Noem maar op. En daar moet minder van dié soos dr. Nicholas Crisp, hoof van Nasionale Gesondheidsversekering, wees. Dis die volgende Eskom. **– Mnr. J.J. du Plessis, Vereniging**

- Nasionale Gesondheidsversekering sal ingestel word sodra die staatshospitale op dieselfde vlak as die private hospitale is – het die ANC dit nie iewers gesê nie? Ons wag en wag. **– Coba**

- Dit was die besef dat apartheid verkeerd was en die ekonomiese druk van buite wat 2 Februarie 1990 moontlik gemaak het. Nie die ANC, gesteun deur Rusland, se lomp bevrydingspoging nie. **– J.P., Mpumalanga**

- Leser André, jou SMS is 'n bietjie kras om te sê mense wat vir die ANC stem, verdien om sonder werk te wees. Hulle glo ook nes ons in die NP geglo het, wat ons al die jare bedrieg en belieg het. As dit jou punt is, is dit dan nou nie hoekom ons vandag so sukkel nie? **– Hardus Pretorius**

- Sarah van Springs wat kla omdat mense klaargemaakte winkeletes voorsit eerder as kos maak: As jy al die bestanddele van die ete gaan koop, is dit ver oor R1 000. Dan moet jy nog hoop jy het krag. Nee wat, maak jou lewe maklik. **– Wilma, Kloofendal**

- Sarah van Springs, kom eet gerus by my. Ek kook nog vleis, rys, aartappels en groente soos vanmelewe. **– Sarie, Villieria**

- Sarah: Bring en braai, ook jou eie slaai, is die beste. **– Bonita, Randburg**

- Duane Vermeulen is 'n goeie kandidaat as volgende Springbok-afrigter. Met die onsekerheid oor Siya Kolisi se beskikbaarheid vir die komende Wêreldbekertoernooi en Vermeulen se sterk leierskap, veral in die eindstryd van die 2019-toernooi, sal ek hom sterk oorweeg as kaptein van die Springbok-span. Sy huidige spelpeil leen hom ook daartoe. **– Hein, Pretoria**



**Duane Vermeulen**

- Kan alle oudspelers van die Witbank Rugbyklub my per WhatsApp kontak, asseblief? **– Piet Retief (083 320 2141), Montana**

- Die strokies is 'n wesenlike deel van enige koerant. Om deesdae na twee, soms flou, strokies te kyk, is om afgeskeep te word. Bring *Hammie* terug en sommer 'n nuwe een ook. **– Zarps, Roodepoort**
*(Daar word inderdaad aan nuwes gewerk. Dié wat weggeval het, is nie meer beskikbaar nie. – Red.)*

## Goeie Nuus

### Wees self die antwoord

"Wie sal die kerk mis as ons vandag ons deure sluit?" word dikwels in preke, boeke en gesprekke gevra. Of: "Wie sal ons as gelowiges mis as ons nie meer hier is nie?" Dis vrae waarop ons self die antwoord moet wees.

Die maklikste antwoord is om te kyk na die konkrete impak wat ons plaaslike gemeentekerk en onsself as gelowiges maak daar waar ons elke dag leef. Hoeveel praktiese geloofsopbou-aksies het ons en ons plaaslike gemeente? Hoeveel armes en noodlydendes word direk en indirek deur ons gedien? Hoeveel mense het deur ons toedoen deel van ons geloofsgemeenskappe geword? Watter mense wat anders as ons glo en leef, tel onder ons vriende? Vir wie bid ons gereeld op die naam? Watter mense sal vanaand honger gaan slaap as ons ophou om hulle geldelik te ondersteun? Watter mense se geloofsvorming sal skade ly as ons nie meer inbou in hul lewe nie? Wie sal die Here se goedheid misloop as ons nie elke dag aan diens is vir Hom daar waar ons woon, werk en leef nie?

Óns is die eerste Bybelteks wat ander mense elke dag lees. Óns is die eerste en regte antwoord op die vraag na die regte impak van die kerk. Of nie!

**– Stephan Joubert**

### Uit die Woord

***Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan.***
***– 2 Korintiërs 3:2***